

7 Oktober

Skrifgedeelte: Johannes 10:22-42

Fokusgedeelte: Johannes 10:30

Ek en die Vader is een

Jesus se kruisiging kom nou nader. Dit sou in die lente plaasvind gedurende Aprilmaand. In hierdie gedeelte vertel Johannes dat dit nog winter was, vier maande voor die kruisiging. Jesus loop in 'n beskutte deel van die tempel. Daar bereik sy openbaring nou 'n sekere hoogtepunt. As die Jode van Hom 'n reguit antwoord vra, verklaar Hy eerstens dat Hy werklik die Messias, die Gesalfde van God is. Tweedens sê Jesus dit duidelik: "Ek en die Vader is een". Derdens stel Hy dit weereens dat Hy die Seun van God is. Die Jode vind sy drie uitsprake weer godslasterlik en wil Hom eers stenig en toe gevange neem. Leer die Skrif dan nie dat daar net Een Persoon is wat waarlik God is nie? Nou kom betree Jesus daardie verbode terrein. As hulle maar net sy woorde en daede bymekaar wou bring sou hulle besef het dat Hy die waarheid praat: "...dat die Vader in My en Ek in die Vader is". Maar die Jode is nie van sy skape nie. Daarom wil hulle Hom doodmaak. Om hierdie rede gaan Jesus uit Judea na Perea toe, want sy tyd het nog nie gekom nie. Watter groot roeping het ons nie vandag teenoor die Jode nie – ons wat die Waarheid ken wat ons vrygemaak het. Het jy al gebid vir hulle terugkeer na die Vader toe deur Jesus Christus? By God is alle dinge moontlik (Rom 11:24,28,29).

Sing: Skrifberyming 35:1,3 Ds J Venter (Emeritus)